Landbou.com
Boer op ons werf.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES ARGIEWE Soekwoord... Landbou.com SAWeb

Tuisblad

Net op landbou.com
Nuus
Landbou-blogs
Net op die web
Fotogalery
Markverslae
Bestuurspraktyke
Die weer
Nuttige omrekenaar
Boerepraatjies
Wenke
Koop foto's

Bedrywe
Akkerbou
Arbeid
Bedryfsnuus
Diere
Finansies
Grond
Jag en gewere
Kommentaar
Meganisasie
Plaasveiligheid
Tuinbou

Vir die vrou
Kos en resepte
Vroue
Landbou-forum

Ander
Kalender en skoue
Kontak ons
Adverteer
Kopiereg en Privaatheid

Maak tuisblad

'Mal' plan word wenplan

ISABEL STOLTZ

"Leon, daai mal plan van jou werk fantasties!" was ZZ2-produksiebestuurder Nic Venter se terugvoer aan mnr. Leon Lingnau oor die klankbad-stelsel wat hy ontwikkel het om drupperlyne mee skoon te maak.

En toe werk dié "mal plan" van Venter ook vir homself fantasties. Sy patent is pas in *Landbouweekblad* se kompetisie vir boereplanne wat werk, aangewys as die algehele wenner uit al die planne wat die afgelope jaar vir dié gewilde wedstryd ingeskryf is.

Na verneem word, is daar plaaslik reeds groot belangstelling in die klankbadstelsel.

Venter sê die stelsel beteken, konserwatief bereken, vir ZZ2 'n besparing van minstens R3 000/ha. "Ou druplyne wat uit die stelsel verwyder is, kan met dié tegniek nou weer met 95 % doeltreffendheid gebruik word."

Hy sê die stelsel werk volstoom 24 uur per dag in drie skofte. Sowat 17 km drupperlyn word per dag skoongemaak.

Lingnau is self opgewonde oor die patent se moontlikhede en wat dit vir boere kan beteken. Hy het met 'n paar aanpassings "geheim" ontrafel om plastiek met klankgolwe skoon te maak. Die oorspronklike tegniek word gebruik om bottels mee skoon te maak, maar kon tot dusver nie op plastiek gebruik word nie.

Die stelsel se eerste werklike groot toets was 20 ha aanplantings op 'n nuwe plaas van ZZ2 waar bykans 100 km pype gebruik word.

'n Verdere voordeel van die stelsel is dat dit die pype in die skoonmaakproses terselfdertyd steriliseer en keer dat siektes van een blok na 'n volgende blok oorgedra word.

- Die beoordelaars in die boerplan-kompetisie is prof. Herman van Schalkwyk van die Vrystaatse Universiteit, prof. Willem van Niekerk van die Universiteit van Pretoria en mnr. Jack Human, 'n boer van Heidelberg, Suid-Kaap.12 Maart 2004

DRUK E-POS

Na boontoe